

OPSOMMING

Cercospora-vlek veroorsaak deur Pseudocerospora purpurea (Cke) Deighton is vir die eerste keer in Suid-Afrika beskryf en daar is gevind dat dit die belangrikste voor-oes siekte van avokadovrugte te Westfalia Landgoed in die Noord-Oos Transvaal (lengtegraad 30°10' en breedtegraad 23°45') is, Verliese veroorsaak deur die siekte is ondersoek ten opsigte van reen, kultivar, tyd van pluk, graad van wortelvrot simp tome van die bome en die posisie van vrugte aan die bome.

'n Volledige beskrywing van die siekte-simptome word gegee. Statistiese modelle is verkry deur die analise van die resultate van die spoorvanger en die weersyfers. Die modelle kan gebruik word om hoë risiko tydperke vir infeksie aan te dui, en dit kan dus gebruik word vir die presiese bepaling van spuitdatums met swamdoders.

Besmettings wat vroeg in die groeiseisoen plaasvind gee die hoogste siektevoorkoms by pluktyd. 'n Drie-maande latente fase in die siekte se ontwikkeling is gevind.

Cercospora-vlek kan effektief beheer word deur benomil, kaptafol, Cu-oksichloried en Cu-hidroksied. 'n Statistics betekenisvolle verlaging in die effektiwiteit van benomil teen die siekte is gevind na 'n aantal jare se aanhoudende gebruik van dié swamdoder.

Op grond van simptome en betrokke patogene, word die volgen- de na-oes siektes van avokados te Westfalia Landgoed beskryf:

Stingelendbederf veroorsaak deur Thyronectria pseudotrichia (Schw.) Seeler, Colletotrichum gloeosporioides (Penz.) Sacc., Dothiorella aromatica (Sacc.) Petr. en Syd., Phomopsis perseae Zerova, Fusarium decemeellulare Brick en tot 'n mindere mate Pestalotiopsis versicolor (Speg.) Steyart, Lasiodiplodia theobromae (Pat.) Griff, en Maubl., Rhizopus stolonifer (Ehr. ex Fr.) Lind., Fusarium sambucinum Fuckel, Fusarium solani (Mart.) Sacc. en Drechslera setariae (Sawada) Subram, en Jain.

Antraknose veroorsaak deur Colletotrichum gloeosporioides (Penz.) Sacc.

Dothiorella/Colletotrichum-kompleks vrugtevrot veroorsaak deur Dothiorella aromatica (Sacc.) Petr. en Syd. en Colletotrichum gloeosporioides (Penz.) Sacc.

Verliese veroorsaak deur na-oes siektes is bestudeer met betrekking tot olie-inhoud van vrugte, graad van wortel- vrot simptome van die bome en die posisie van vrugte aan die boom. 'n Deeglike beskrywing van die na-oes siekte- simptome word gegee,

Die patogenisiteit van die betrokke swamme in na-oes siektes, is ondersoek. Besmettings wat laat in die groei- seisoen plaasvind is die belangrikste en dit gee aanleiding tot 'n hoer voorkoms van na-oes siektes by pluktyd as besmettings wat vroeg in die groeiseisoen plaasvind. Die natuur- like latente besmettings deur D. aromatica en C. gloeosporioides bou op in die- vrug gedurende die groeiseisoen en toon 'n afname in die droë plukseisoen.

Voor-oes spuite met benomyl, captafol, bitertanol, Cu-hidroksied en Cu-oksichloried gee 'n mate van beheer teen na-oes siektes.

Dit is gevind, gedurende die na-oes hantering van avokados, dat die lengte van die rypwordingsperiode 'n besliste effek op die voorkoms van na-oes siektes het. Enige na-

oes behandeling wat raklewe verleng, verhoog ook na-oes siektes. Hierdie verhoging kon nie met die toediening van swamdoders volledig teengewerk word nie.

Vog op die vrug ten tye van pluk verhoog na-oes siektes terwyl die verseëling van die vrugtesteel met waks plus swamdoders, sowel as die verwydering van die vrugtesteel, verliese wat veroorsaak word deur stingelendbederf, vermin- der.

Deur noukeurige identifikasie van die organismes be- trokke by voor- en na-oes siektes van avokados, bestudering van epidemiologie en selektering van doeltreffende swamdoders,, was dit dus moontlik om aan kwekers in hierdie area 'n beter begrip te gee van die maatreëls wat getref moet word vir die bestryding van hierdie siektes.